OB2'10
18 Januarie 2010

Geagte Ouers

1. Leerderontwikkelingsprogram

Leerderontwikkelingsprogram (LOP) word vanaf vanjaar aangebied vanaf Graad R tot Gr 7 vir alle leerders. LOP wil ons deel maak van die leerarea Lewensvaardighede (gr 1-3) en Lewensoriëntering (Gr 4-7) en is deur Bestuurspan en Beheerliggaam besluit om dit verpligtend te maak vir almal. As deel van die leerarea word LOP geassesseer en moet leerders daaraan deelneem.

Ons skool is bevoorreg om die professionele dienste van Me Yvette Sandilands te hê. 'n Dame wat gekwalifiseerd is en uiters bekwaam is. Sy is gesog by ander skole - selfs die streekskantoor het al hier by haar kom kers opsteek. Mnr Rickus Muller (student) gaan vanaf hierdie jaar onder die vlerk van Me Sandilands die seuns onder hande neem. Liggaamlike opvoeding was vir jare deel van die kurrikulum en die leemte wat dit gelaat het met uitkomsgebaseerde onderwys het nou weer by ons die noodsaaklikheid van liggaamsontwikkeling na vore laat kom.

Omdat LOP gespesialiseerde opleiding verg en die personeeltoewysing nie so 'n persoon kan akkommodeer nie, is ons dankbaar vir so 'n waardevolle bydrae wat me Yvette Sandilands lewer.

Daar is 'n koste aan verbonde nl. Een kind = R30 per maand, 2 kinders = R50 per maand (R25 per kind) ; 3 en meer kinders = R60 per maand (R20 per kind). Die vooruitbetaalbare maandelikse bydrae vanaf Februarie tot November (10 maande) is van toepassing. Die bedrag word nie deur die skool se finansiële kantoor behartig nie, maar wel deur 'n koevertstelsel aan leerders wat Me Sandilands persoonlik hanteer.

2. Registrasiegelde

Betaling van registrasiegeld wat R400 per leerder beloop is tydens 'n Algemene Jaarvergadering in November 2009 deur verteenwoordige ouers vir 2010 goedgekeur. Ouers wat afwesig was by die vergadering moet ongelukkig by die besluit inval.
Registrasiegelde is deur die ouer betaalbaar op die eerste skooldag van die leerder en 'n kwitansie moet getoon word alvorens onderrigmateriaal uitgehandig word. Geleentheid vir die tref van 'n skriftelike reëling op 'n voorgeskrewe vorm is by Me. Grieb (invorderaar) by die skool beskikbaar vir voltooiing. Geen telefoniese of mondelinge reëlings word aanvaar nie.
Registrasiegelde word aangewend vir skryfbehoeftes en onderrigmateriaal wat aan die begin van die jaar duisende rande beloop .
Dankie aan ouers wat hierdie verpligting alreeds nagekom het asook die persone wat 'n skriftelike reëling kom tref het. Dit is van kardinale belang dat daar by reëlings gehou word.

3. Skooltye

Is reeds in die vorige omsendskrywe (OB01'10) deurgegee. 'n Wysiging betreffende die tye word verskaf nl.:

- Op Vrydae sluit die skool vir Gr.3 – 7 leerders om 13:00. Gr.1 en 2 sluit 12:30 (soos vir al die ander dae).

4. Afhaal van Gr.1 – 3 leerders

Die volgende reëling sal vanaf Woensdag 20 Januarie 2010 geld en dan ook vir die res van die skooldae wat volg, tensy skriftelik gewysig word deur die Prinsipaal / Beheerliggaam:

- Die sekuriteitswagte sal die hekke eers om 12:20 vir voetgangers sowel as voertuie oopmaak om leerders af te haal. Ons versoek u om asb. by hierdie tye te hou.
- Veiligheid van leerders, personeel en werkers op die perseel is vir ons 'n prioriteit en maak ons staat op u as ouer se samewerking in verband met die belangrike reëling.
- Indien daar 'n boetie/sussie in die hoër grade is en eers om 13:30 sluit versoek ons ouers om reëlings te tref dat die Gr.1 / 2 /3 leerder ook daardie tyd afgehaal word – die outjie bly dan onder toesig by sy juffrou se klas vanaf 12:30.

5. Huissport

Vind Dinsdag 19 Januarie 2010 (môre) om 09:00 plaas. Die volgende rakende die dag:

- Skool begin normale tyd nl. 07:30. Register word geneem.
- Leerders bring skooltasse saam. Indien dit sou reën gaan die onderrigprogram voort.
- Die skool sluit vir Gr.1 en 2 om 12:30. Gr. 3 tot 7 leerders is ondersteuners vir die res van die dag – die wat nie deelneem nie.
- Die byeenkoms behoort om ±15:00 afgehandel te wees.
- Indien ons môre uitreën vind die byeenkoms Woensdag 20 Januarie 2010 plaas.

Vissiegroete.

_____

J.S. Roothman
Prinsipaal